# SO SÊ DIE REDAKTEUR

VRYDAG 20 OKTOBER 2023

## DIT WORD DEUR TOT DEUR GENOEM

ORAL waar die ANC regeer het, het hulle 'n yslike klomp skuld gelos vir die arme mense wat by hulle oorneem en weer aan die gang moet kom. In die meeste gevalle is dit nogal verbasend hoe gou 'n munisipaliteit se geldsake verbeter as invorderings reggeruk word en daar behoorlik gekyk word na die uitgawes.

Net voor verkiesings word daar seker gemaak dat regeringsondersteuners maksimum skenkings uit staatsbronne kry en minimum fooie hoef te betaal. Die soort boekhouding wat gewoonlik gehou word deur kwalik opgeleide waarnemende personeel maak dit moeilik vir die ouditpersoneel om uit te vind wat aangaan. Gratis etes op staatskoste tydens besoeke van ANC-politici en hoë amptenary word mildelik aangevul met kospakkies wat by die geringste verskoning, uitgedeel word.

Die dekadeslange argelose manier van met geld werk en die letterlik miljarde wat skaamteloos onderweg gesteel word het uiteindelik daartoe gelei dat selfs lenings om die tekorte op te maak, teen hoë rentekoerse nie meer so maklik bekom kan word nie. Dit kom aan die lig dat die Ramaphosa-bewind van plan is om negentien miljard rand te leen vir Eskom.

Dit is ook nie 'n geheim dat alle staats- en semi-staatsondernemings soos Eskom, die poskantoor, postbank, die wapenvervaardiger Denel en die SABC sedert 2010 elke jaar met ter waarde van miljarde gestut moes word om te oorlewe ên dit word geleidelik erger omdat daar niks aan die probleme gedoen word nie of liewer kan gedoen word nie afgesien van die kommunistiese ideologie wat by alle planne in aanmerking geneem en toegepas moet word.

Dit is ysingwekkend om te verneem van al hoe meer staatsondernemings wat misluk soos byvoorbeeld die SAL en die spooragentskappe wat meer en meer belastinggeld nodig het om aan die gang te bly maar in die praktyk bloot aan die gang gehou word om die vakunies tevrede te hou wat die regering aan die bewind moet hou.

Geen wonder dat die makro sakelui wat tot dusver kwalik krities was oor die ANC se manier van regeer ook nou begin geluide maak dat die ANC nou te veel skade doen dat hy uit die bewind moet gewerk word voor daar verder skades aangerig word.

Wat onrus baar is dat miljoene reeds uitgedeel word op allerhande skemas en vertonings om kiesers te probeer oortuig om te registreer en om te gaan stem sonder om die mense werklik in te lig. Daar moet van die wiele afgeklim word en stapskoene gekoop word. Dit word deur tot deur genoem en word te voet gedoen.

## PARTY RASSE IS MAAR SLEG GETEL

INLIGTING met syfers is nodig om besluite te neem oor wat die bevolking nodig het en hoe die belastinggeld aangewend kan word om so ver moontlik aan daardie behoeftes te voldoen. Maar as die organisasie, wat tans die regering is nie eers die mense kan tel om by aanvaarbare besluite uit te kom nie, is daar baie goeie rede om alle vertroue in daardie organisasie te verloor.

Almal wat die verloop van sake in die politiek volg weet by hierdie tyd dat die ANC-regering nie amptenare aanstel op grond van hul opleiding en kennis van wat hulle moet doen nie, maar op grond van hul prestasies in die struggle wat amptelik dertig jaar gelede geëindig het. Of hoe hoog so 'n kandidaat op die lys van kaders is wat beloon moet word vir sy bydrae vir die ANC se welstand as politieke party.

Op grond van die letterlik miljoene Suid-Afrikaners wat nie getel is in die sensus nie, waaronder glo die helfte van wit Afrikaanssprekendes wat dan al hoe minder sou word. Net die blote feit dat skole waar onderrig in Afrikaans geskied onder andere in Gauteng, uit hulle nate bars, bewys mos dat daar groot fout is met die bevindinge oor wit Afrikaner getalle, as gevolg van die uitslag van die onlangse sensus.

Alle besluite wat op die foutiewe uitslag van die sensus geneem word kan dus net tot nadeel van daardie deel van die bevolking wees. Al is daardie besondere minderheid nou al daaraan gewoond dat alles waarop hulle aanspraak maak ignoreer en met mening teengestaan word, is dit moeilik om te aanvaar dat dit in die afsienbare toekoms sal voortduur met die uitslag van die sensus as verskoning.

Hoe op aarde sommige van ons verwag het dat die regering 'n sensus kan bestuur as alles anders wat hulle bestuur op 'n fiasko uitgeloop het, is moeilik om te begryp. Al die mislukkings word deur die verantwoordelikes toegeskryf aan die gevolge van apartheid wat die afgelope 30 jaar mos nie meer bestaan nie en trouens sedert die jare tagtigs van die vorige eeu in die praktyk nie meer toegepas is nie.

Te oordeel aan die groot klomp organisasies wat wil help om die ANC in 24 uit die regering te stem is die kanse goed dat hulle steun desnieteenstande drasties gaan afneem.

# UIT DIE WOORD

## SONDAAR SONDER 'N TOEKOMS

*Moenie afgunstig wees op sondaars nie; wees altyd ywerig om die Here te dien; dan sal jy 'n toekoms hê en jou hoop sal jou nie ontneem word nie.* SPREUKE 23:17-18

Jare terug, toe ek nog nuut in die bediening was, het iemand my die volgende vraag gevra: "Hoe lank gaan jy nog 'n sendeling wees, voordat jy 'n regte werk gaan kry?"

Wel, wat die persoon eintlik vir my wou sê, is dat dit moontlik is om die Here te dien – en op 'n baie klein salaris te lewe – solank jy nog nie getroud is nie, maar dat dit onmoontlik sou wees om dit te doen die oomblik wanneer jy 'n gesin sou hê!

Op daardie stadium was ek al getroud, maar ons het nog nie kinders gehad nie. Nou, meer as 25 jaar later, is ek nog in die bediening. Ons het al drie ons kinders op daardie skraal inkomste kon groot kry.

Boonop het ons ook nog gereeld Suid-Afrika kon besoek. Dus was – en is – God se voorsiening vir ons gesin altyd 'n werklikheid gewees!

Tog, as ek regtig eerlik moet wees, was daar baie moeilike tye. Soms, in sulke tye, was ek bietjie afgunstig teenoor ander mense. En, meestal, het daardie mense nie eens die Here Jesus geken nie! Dit het net gelyk asof hulle dit makliker as ons gehad het! Dit het net gelyk asof hulle sonder te veel moeite nuwe voertuie kon koop of hulle kinders na goeie skole kon stuur! Gelukkig het die Here in sulke oomblikke my weer tot my sinne gebring. Ek het grepe van sy genadige voorsiening vir ons onthou! Ek het ook besef, dat ek 'n toekoms sal hê -- 'n ewigheid saam met God -- en dat niemand my van daardie hoop sal kan ontneem nie!

Miskien voel jy ook soms afgunstig teenoor sondaars met wie dit oënskynlik goed gaan. Mag my getuienis van God se voordurende sorg – net soos die woorde van vandag se teksvers – jou motiveer om die Here altyd ywerig te dien! Hy sal jou nie in die steek laat nie! Hy is jou hoop! Hy is jou voorsien! Hy is jou toekoms!

GEBED: *Dankie, Here, vir U voorsiening. Help my om myself nooit met sondaars te vergelyk nie.* Amen.

SKRYWER: Willem van der Colff het in die Paarl groot geword en doen sendingwerk in Oekraïne. Jy kan hom by willem.ua4u@gmail.com kontak.

WILLISTON VLV NUWE BESTUUR

# Liefs Afskop as jaareindfunksie

**WILLISTON VLV het die volgende bestuurslede gekies vir die volgende jaar:** Sara Louw, Adelia Wilson, Nollie Esterhuyse, Anne-louise van der Colff, Somaé van Wyk (voorsitter), Jo Steenkamp, Maryke Louw (onder-voorsitter) en Elmaré Naude.

Baie geluk aan die dames wat ons VLV-wa deur die drif gaan trek en sterkte vir die Konferensie 2024.

As gevolg van die vol einde van die jaar almanak van 2023, gaan ons liewer 'n groot afskop-funksie hou, in plaas van 'n jaar end funksie. Ook beplan ons 'n uitstappie of twee vir 2024 en die volgende studierigtings gaan deur die hele bestuur as 'n Potpourri vergadering aangebied word: Die Landbou en Opvoeding en Kultuur studierigtings.

Die volgende gaan wel deur bestuurlede as volg aangebied word: Elmaré Naude: Kunste en Handvlyt; Maryke Louw: Leefstyl; Sara Louw: Openbare Sake; Jo Steenkamp: Gesondheid; Anne-louise: Kompetisies en werkswinkels.

Ons glo ons gaan die jaar Williston se dames op hulle tone hou en lekker bederf met heerlike vergaderings.

### 25 Jaar gelede

NOORDWESTER: 14 Augustus 1998. Op 30 Junie 1998, 23 jaar na sy ontstaan word BKB van 'n koöperasie na 'n maatskappy BKB Beperk omskep.

### AFVALMATERIAAL

HIERDIE replika van die NG kerkgebou op Victoria-Wes is deur Frankie Rathenam van afvalmateriaal gebou. – EP.




HANTAM LOCAL MUNICIPALITY | ENVIROAFRICA CC

**NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**

**CONSTRUCTION OF MANAGED AQUIFER RECHARGE STRUCTURES, CALVINIA, HANTAM LOCAL MUNICIPALITY**

Notice is hereby given of the intention to submit a NEMA application and the public participation process, in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Impact Assessment Regulations 2014 for the proposed construction of managed aquifer recharge structures in Calvinia, which includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations 2014.

EnviroAfrica cc has been appointed by Hantam Local Municipality to undertake the NEMA Application for Environmental Authorisation process.

Application for environmental authorization to undertake the following activities in terms of NEMA EIA Regulations 2014*:

Government Notice R327 (Listing Notice 1): Activity No. **12, 19** Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. **14**

**Please note that the listed activities above may change during the course of the NEMA Application process. Registered I&APs will be notified of any changes.*

**Project Description & Location:**

The Department of Water & Sanitation, on behalf of the Hantam Municipality, propose to implement several experimental structures to artificially recharge several of the existing boreholes in the Calvinia area to improve the sustainability of these boreholes. The development will take place within the Akkerendam Nature Reserve (Farm 805, Calvinia), located north of Calvinia. The scope of works for this is as follows:

**Borehole CAL-NAT-6 and CAL-DV-1 Check Dams:**

- Construction of a 750mm high x 500mm wide x 50m long reinforced concrete Check Dam 1 to be anchored in rock floor of drainage line
- Check Dam 1 to have a central overflow 500mm above lowest point and 2m wide. Approximate coordinates: 31° 27' 05" S, 19° 46'12"E
- Construction of two rock-filled Gabion Check dam structures in drainage lines north of borehole Cal-Nat-6 (Check Dams 2 and 3).
- Check Dam 2 to consist of a Gabion structure approximately 25m long x 2m high with a central spillway 2m wide. Approximate coordinates: 31°26'57.84"S, 19°46'10.97"E
- Check Dam 3 to consist of a Gabion structure approximately 50m long x 2m high with a central spillway 2m wide. Approximate coordinates: 31°26'57.52"S, 19°46'17.96"E
- Drilling 3 number 160mm diameter Infiltration Boreholes approximately 15m upstream of each gabion structure with a maximum depth of 80m each.
- Construction of a sediment filter around each borehole consisting of a square gabion structure 4m x 4m x 2.50m deep, of which 0.5m is to be above ground level. The space inside the gabion structure to be filled with layers of graded stone and a sand layer on top, to filter out water transported sediment.

**Borehole CD-3 Check Dam:**

- Borehole CD-3 is an existing borehole that will be used as the infiltration borehole.
- Check Dam 5 to consist of a Gabion structure approximately 45m long x 2m high with a central spillway 2m wide. Approximate coordinates: 31°27'14.39"S,19°46'19.03"E

**Public Participation:** Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, **on or before 24 November 2023.** In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details *(indicating your preferred method of notification)* and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

**Please note:** Only registered Interested and Affected Parties will be sent future correspondence; will be notified of the availability of reports and other written submissions made (or to be made) to the Department, and be entitled to comment on these reports and submissions; will be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision, and that an appeal may be lodged against a decision; and will be notified of the applicant's intention to appeal the decision of the competent authority, together with an indication of where and for what period the appeal submission will be available for inspection.

Consultant: EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135 / Fax: 086 512 0154 / Tel: 021 8511616 / E-mail: clinton@enviroafrica.co.za